Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

BEdHons Algemeen (09240005)

Duur van studie	1 jaar
Totale krediete	128

Toelatingsvereistes

- ? Baccalaureusgraad en ? onderwysdiploma/Nagraadse Sertifikaat in Onderwys (bv. BA + HOD); of
- ? Vierjarige onderwysgerigte graad (bv. BEd, BAEd); of
- ? M+4 toepaslike onderwysdiploma, onderhewig aan spesifieke goedkeuring; of
- ‘n Toepaslike Gevorderde Diploma in Onderwys; of
- ? Ander toepaslike akademiese kwalifikasie en toepaslike vorige leerervaringe wat volgens die oordeel van die Dekaan toelating tot ? bepaalde pakket regverdig.

Addisionele vereistes

Die keuring is gebaseer op:

- voldoening aan die minimum toelatingsvereistes;
- vorige akademiese prestasies;
- toepaslike akademiese en/of onderwyservaring;
- beskikbaarheid van leiding vir die voorgeskrewe navorsingsprojek;
- bewese akademiese potensiaal, wat akademiese kommunikasie en rekenaarvaardighede insluit;
- 'n onderhoud kan ook addisioneel vereis word;
- die registrasie by professionele rade;
- finale diskresie lê by die departementshoof.

Eksamens en slaagvereistes

Behoudens uitsonderings wat die Dekaan op aanbeveling van die Departementshoof goedkeur, kan 'n student hom of haar nie meer as twee maal vir die honneurseksamen in dieselfde module aanmeld nie.

'n Finalejaarstudent wat 'n maksimum van drie semestermodules of die ekwivalent daarvan gedruip het en 'n finale punt van minstens 40% in elkeen behaal het, kan deur die Dekaan toegelaat word om gedurende Januarie van die daaropvolgende jaar 'n spesiale eksamen in sodanige module(s) af te lê, mits die student daardeur aan alle vereistes vir die graad kan voldoen.

Navorsing

'n Navorsingsprojek is verpligtend en moet volgens die voorskrifte van die betrokke departement voorberei en ingedien word vir eksaminering.

Slaag met lof

Die graad word met lof verwerf indien die student 'n algehele gemiddelde van 75% behaal het, met 'n minimum van 70% in elke module.

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 128

Fundamentele modules

Deel 2: Navorsingsverslag 780 (CDV 780) - Krediete: 16.00
Deel 2: Navorsingsverslag 780 (LSG 780) - Krediete: 16.00
Deel 1: Navorsingsvoorstel 755 (NMQ 755) - Krediete: 16.00
Deel 2: Navorsingsverslag 780 (AQA 780) - Krediete: 16.00
Deel 2: Navorsingsverslag: Waardegedrewe onderwys 781 (WEM 781) - Krediete: 16.00
Deel 2: Navorsingsverslag 780 (CIE 780) - Krediete: 16.00
Deel 2: Navorsingsverslag 780 (SMP 780) - Krediete: 16.00

Kernmodules

Opvoedkundige navorsingsmetodolgie 745 (NMQ 745) - Krediete: 16.00
Filosofie en sosiale imperatiewe in opvoedkunde 711 (EDS 711) - Krediete: 16.00
Kurrikulumontwikkeling 710 (CDD 710) - Krediete: 16.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.